# INDRUKKE VAN DIE XVITH CONGRESS OF THE INTERNATIONAL ORGANISATION FOR THE STUDY OF THE OLD TESTAMENT (IOSOT),OSLO, NOORWEË 2-7 AUGUSTUS 1998

S D Snyman[1]

## 1. INLEIDING

Elke drie jaar word die kongres van die International Organisation for the Study of the Old Testament (IOSOT) gehou. Dit is waarskynlik die grootste Ou Testamentiese kongres ter wêreld met 'n bywoningtal van 400 - 500 mense vanuit Europa, Skandinawië, Amerika, Kanada, Brittanje, Japan, Israel, Australië en Afrika. Dit is 'n organisasie wat in 1950 in Leiden, Nederland gestig is. Drie jaar later, in 1953, is die eerste kongres in Kopenhagen gehou en sedertdien word die kongres elke drie jaar aangebied. Veel is gemaak van die feit dat die eerste kongres van die organisasie in Skandinawië gehou is en dat die laaste kongres van die eeu (en millenium!) weer in 'n Skandinawiese land gehou is.

## 2. TENDENSE IN DIE NAVORSING VAN DIE OU TESTAMENT

Vanjaar se kongres is in Oslo, Noorweë van 2 - 7 Augustus gehou. Tydens die kongres is 'n stuk of 13 hoofreferate en nie minder as 114 kort referate gelewer. Die vakgebied van die Ou Testament is wyd met heelwat sub-dissiplines wat elk vak-spesialiste oplewer sodat dit altyd moeilik is om besliste tendense in die navorsing van die Ou Testament te peil. Daarvoor is die vakgebied te wyd en die belangstellingsvelde van die vakgenote te divers. Tog kan daar uit die vertoonvenster van studies in die vakgebied van die Ou Testament 'n paar tendense afgelei word.

1 Prof S D Snyman, Departementshoof, Departement Ou Testament, Fakulteit Teologie, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

## 2.1 Intertekstualiteit

Die kongres is ingelei met 'n referaat oor intertekstualiteit as leesstrategie vir die Ou Testament. Intertekstualiteit is 'n relatiewe nuwe term in die veld van die eksegese van die Ou Testament. Die benadering werk met die uitgangspunt dat geen teks op sigself kan bestaan nie en alleen begryp kan word teen die agtergrond van ander tekste wat in die teks opgeneem is. Wie dus goed lees sal die spore van ander tekste opmerk wat dus leidrade na ander tekste word. 'n Intertekstuele ondersoek wil dus die verskillende relasies tussen tekste ondersoek met die doel om die funksie daarvan te bepaal. Sodoende word die betekenis van die huidige teks onder oë duideliker.

Vir prof Kirsten Nielsen van die Universiteit van Aarhus in Denemarke is intertekstualiteit 'n manier van lees "as a supplement to other exegetical methods". In haar referaat het sy 'n intertekstuele lesing van die boek Rut aangebied[2] en aangetoon hoedat die kwessie van die land en die nageslag wat in Rut aan die orde kom, ook 'n tema in die aartsvader-verhale is. In 'n ander voorbeeld het sy aangetoon hoedat 'n intertekstuele lesing van Nabot se wingerd in I Konings 21 verwysings bied na Jes 5:1-7; die boek Hooglied; Hosea 1-3 en selfs Handelinge 6-7.

Intertekstualiteit as leesstrategie bied interessante moontlikhede vir die ontginning van die boodskap van tekste. Kritiek wat teen die metode uitgespreek is tydens die diskussie wat gevolg het op die referaat is die vraag na die grense en dus kontroleerbaarheid van die metode en ook die neiging tot 'n eventuele a-historiese lees van 'n teks.

Prof Nielsen het haar referaat afgesluit met vier standpunte oor verantwoordelike eksegese. Verantwoordelike eksegese beteken nie net 'n verantwoordelikheid teenoor die moontlike intensie(s) van die oorspronklike outeur of redaktor nie, maar ook 'n gewilligheid om ander betekenisse in te sluit wat nie nie oorspronklik deel was van die

2 Vgl in die verband haar kommentaar op die boek Rut: Nielsen, Kirsten 1997. Ruth, A Commentary. Louisville: Westminster John Knox. (Old Testament Library).

intensie van die outeur nie, maar wat na vore kom in die dialoog met intertekste. Tweedens, veronderstel verantwoordelike eksegese dat die ekesegeet die "merkers" in die teks moet kan uitwys op grond waarvan intertekste gekies is. Derdens, beteken verantwoordelike eksegese dat die intertekste wat gebruik word, kan bydra tot 'n beter verstaan van gedeeltes waar vorige eksegese ontoereikend was. Laastens beteken verantwoordelike eksegese die aanvaarding dat ook toekomstige tekste gevolge sal hê vir die interpretasie van tekste. Die interpretasie van 'n teks deur verskillende geleerdes dien as 'n inspirasie tot 'n dialoog.

Dit waarvoor prof Nielsen dus pleit is 'n openheid vir die teks en die moontlikhede van verstaan. 'n Teks het meer te sê as wat die oorspronklike outeur bedoel het. Tegelykertyd beklemtoon die standpunt van prof Nielsen ook die voorlopigheid van eksegese - eksegese is nooit af, finaal nie.

## 2.2 Geskiedenis as probleem.

'n Tweede tendens wat druk bespreek is, is die probleem van geskiedenis en die Ou Testament. Prof Peter Machinist van die Harvard University in die VSA het die tema ingelei met 'n referaat wat hy noem: "The Crisis of History in the Study of the Hebrew Bible". Die vraag wat aan die orde is is die vraag in hoe 'n mate die Ou Testament gebruik kan word as 'n betroubare bron om die geskiedenis van Israel mee te skryf? Is die historiese raamwerk en liniêre ontwikkeling wat in die historiese materiaal van die Ou Testament aangetref word, hoegenaamd bedoel as geskiedenis? Was die bedoeling nie veel eerder om die probleme van die post-eksiliese Joodse self-identiteit mee aan te spreek nie? As 'n geskiedenis van Israel dan geskryf word, moet daar van tydgenootlike buite-Bybelse literatuur en nie-geskrewe materiaal gebruik gemaak word waar by die Ou Testament net terloops of selfs glad nie gebruik word nie, aldus prof Machinist.

Standpunte oor die probleem wissel tussen die sogenaamde "minimaliste" (die Ou Testament dra weinig of niks by tot die geskiedenis van Israel nie) en die "maksimaliste", (die Ou Testament kan ons heelwat leer van die geskiedenis van Israel) sonder dat daar 'n finale antwoord na die een of ander kant toe gegee kan word.

'n Probleem verwant aan die probleem van die geskiedenis van Israel is vraag na die histories-kritiese metode. In 'n tyd waar die klem al meer val op 'n holistiese lees van die Ou Testament (soos in die geval van intertekstualiteit) kom die histories-kritiese metode al meer onder druk as 'n metode wat die teks eerder fragmenteer. Die titel van die referaat van prof Bob Becking van die Universiteit van Utrecht in Nederland is sprekend: "A Plea for a historical-critical approach in the study of the Old Testament".

Prof Becking stel dit duidelik dat die doel van die wetenskaplike bestudering van die Ou Testament die verstaan van die Ou Testament is: "I want to know what meaning can be applied to these ancient texts", sê hy. Om die doel te bereik beteken om bewus daarvan te wees dat die Ou Testament tot stand gekom het in 'n gemeenskap en kultuur totaal verskillend van die kultuur en tyd van die huidige interpreteerder. Huidige lesers het ook nodig om die vorm van 'n teks te herken voordat daar afleidings oor die betekenis van 'n teks gemaak kan word. 'n Historiese verstaan van die teks van die Ou Testament is dus onontbeerlik.

Historiese kritiek - aldus prof Becking - moet egter weg beweeg van 'n positiwistiese opvatting van die geskiedenis as sou 'n mens kon rekonstrueer wat werklik sou gebeur het. Met die wetenskapsfilosofiese insigte van vandag weet ons dat so iets nie moontlik is nie. Dit is nie moontlik om gelyk-aan tekens tussen 'n teks en die geskiedenis te plaas nie. Die verlede is ontoeganklik. Objektiewe kennis van die verlede is onmoontlik. Al wat die historikus kan doen is om met die getuienis tot sy beskikking die verlede te herlewe (reenact) in sy gedagtes. Historiese kritiek moet dus 'n multidimensionele benadering volg: Aan die een kant moet dit aandag gee aan die teks-interne dinamiek van tekste, aan die ander kant moet die historiese setting van die teks ontwerp word met getuienis van buite die teks.

Uit die referaat is dit duidelik dat historiese kritiek in sy ou en tradisionele vorm sal moet verander om aan te pas by 'n meer holistiese lees van die Ou Testament. Die waarde van die historiese kritiek lê in die kontak met die historiese bedding waarbinne die Ou Testament ontstaan het.

# 3. ANDER WAARNEMINGS

Benewens korter referate wat gelewer is oor Hebreeus en ander Semitiese tale, intertestamentêre literatuur, godsdiens-historiese bydraes is dit ook interessant om te kyk na die verspreiding van die korter referate oor die verskillende Bybelboeke heen. Daar is 15 referate gelewer oor die Pentateug, 14 referate oor die Historiese boeke, 15 referate oor die profetiese literatuur, 11 referate oor die Psalms, 6 referate oor die Wysheidsliteratuur (Job en Prediker) en 6 referate oor die res van die Geskrifte. Twee referate is gelewer oor die teologie van die Ou Testament.

Wat opgeval het was die min of geen aandag wat feminisme of geslagstudies en ook bevrydingsteologie gekry het.

'n Ander opvallende kenmerk was die groot aantal (15) Suid-Afrikaanse kollegas wat die kongres bygewoon en ook bydraes gelewer het.

# 4. SLOT

Die waarde van so 'n wetenskaplike kongres lê nie alleen in die bywoon van referate nie. Die persoonlike kontak en informele gesprek met vakkollegas van oor die hele wêreld waarin insigte gedeel (en geslyp) word is minstens net sö belangrik as die formele deel van die kongres.

Die volgende kongres vind in Basel, Switserland in 2001 plaas met prof E Jenni van die Universiteit van Basel as president van die IOSOT vir die termyn 1998 - 2001.